Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

Iphondo leMpuma Kapa: Isebe leMfundo
Provinsie van die Oos Kaap: Department van Onderwys
Porafensie Ya Kapa Botjahabela: Lefapha la Thuto

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

SEPTEMBER 2026

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V2 NASIENRIGLYN

PUNTE: **70**

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 26 bladsye.

NASIENRIGLYNE

1. ’n Kandidaat mag nie meer as EEN vraag uit dieselfde **genre** beantwoord nie.
2. As ’n kandidaat meer as die vereiste aantal vrae gedoen het, word net die eerste vraag per afdeling nagesien en ’n streep word deur die tweede vraag getrek.
3. Indien die antwoord in meer as een sin aangebied word en die antwoord nie in die eerste sin voorkom nie, maar dit tot die antwoord in die tweede sin lei, word die antwoord in die tweede sin nagesien.
4. Vir oop vrae waar JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE plus ’n motivering vereis word, word slegs die rede/motivering oorweeg. Indien die kandidaat nie JA/NEE skryf nie, maar die motivering is korrek, word die punt toegeken. Indien die kandidaat JA/NEE sê, moet die motivering korrek wees, anders verloor die kandidaat die punt.
5. Indien ironie, vergelyking, verband en kontras gevra word, verdien die kandidaat 1 of nul punte omdat twee kante vir 1 punt gestel moet word.
6. Indien die kandidaat woorde uit ’n **ander taal** gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word die **vreemde woorde** geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die **vreemde woorde** sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie.
   Indien die **vreemde woorde** in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.
7. Aanvaar dialektiese variasies.
8. Indien die kandidaat **krutaal** gebruik, word die **kruwoorde** geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die **kruwoord** sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie.
9. Waar EEN-WOORD antwoorde gevra word en die kandidaat ’n volsin gee, is dit korrek mits die korrekte woord onderstreep word of op een of ander wyse uitgelig word.
10. Vir meervoudigekeuse-vrae word sowel die letter as die korrekte antwoord wat ten volle uitgeskryf is, aanvaar.
11. As die kandidaat twee antwoorde gee en die eerste antwoord is verkeerd, maar die tweede antwoord is reg, word die eerste antwoord nagesien en die tweede antwoord word geïgnoreer.
12. As antwoorde verkeerd genommer is, word die antwoorde volgens die nasienriglyn nagesien.
13. As ’n spelfout die betekenis van ’n antwoord beïnvloed, word dit verkeerd gemerk. As die spelling nie die betekenis van die antwoord beïnvloed nie, word dit as korrek beskou.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A: ROMAN

VRAAG 1: *KRINGE IN 'N BOS* – Dalene Matthee

1.1 1.1.1 houtkapper/bosbewoner/bosmens (1)

1.1.2 houtkoper (1)

1.1.3 delwer (1)

1.1.4 Maska (1)

1.2
- Saul het gedink niemand weet waar hy is nie.
- Hy het gedink hy het homself goed in die bos versteek.

(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) (1)

1.3.1 'n Boom het op hom geval. (1)

1.3.2
- Die houtkappers was besig om die bome uit te roei om te kan oorleef en nou neem die bome wraak deur die houtkappers se dood te veroorsaak.

(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) (2)

1.4
- Hulle het geglo jy mag nie die woord "dood" gebruik nie omdat iets sleg met jou sal gebeur.
- Hulle het gepraat van die "engel" wat gekom het i.p.v. te sê iemand was dood.
- Hulle het gepraat van iemand wat "nie meer op aarde" was nie i.p.v. te sê iemand was dood.

(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) (1)

1.5 D/ goud te delf. (1)

1.6 Hy dra nie verflenterde klere soos die bosmense nie. (1)

1.7 Ja.
- Hy het Saul baie oor die Bos geleer.
- Hy het Saul geleer hoe om in die Bos te oorleef.
- Hy was bekommerd oor Saul se welsyn.
- Hy het Maska gestuur om te sien hoe dit met Saul gaan.
- Joram het vir Saul 'n voorbeeld gestel van 'n harde werker.
- Joram het vir Saul maniere geleer.

(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde) (2)

Kopiereg voorbehou

1.8 1.8.1
- Hulle het nie met mekaar gepraat nie/was vervreemd van mekaar/was onversoenbaar.

(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) (1)

1.8.2
- Hy het nie die bygelowe van die Bosmense bevraagteken soos Saul nie.
- Hy het Saul geblameer vir Arend se dood (al was dit nie Saul se skuld nie).
- Joram het nie saam met Saul gestem ten opsigte van natuurbewaring nie.
- Hy was nie geduldig met Saul nie/Het hom uit sy span weggejaag.
- Hy het nie vrede met Saul probeer maak nie.

(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde) (2)

1.8.3
- 'n Mens moet jou gesinslede vergewe/vrede met hulle maak.
- 'n Mens moet jou gesinslede liefhê.
- 'n Mens kan van mekaar verskil, maar moet mekaar respekteer.

(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) (1)

1.9 1.9.1 Die delwers (1)

1.9.2
- Hulle wou ryk raak.
- Hulle wou gou geld maak.
- Hulle het almal gedelf.

(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) (1)

1.9.3 Saul ...
- wou die Bos beskerm.

(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)

maar

Hulle het ...
- vuur gemaak met duur hout.
- die Bos beskadig.
- geen respek vir die Bos gehad nie.
- loeries doodgemaak.
- strikke gestel vir bokke.

(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) (2)

1.10
- Hy wou hout koop. / Hy wou 'n houtbesigheid begin.
- Hy wou meubels maak.
- Hy wou 'n familiebesigheid begin.

(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) (1)

1.11 Jozef sou hout aan Saul lewer/verkoop. (1)

1.12 Ja.
- Izak kon leer om op ’n wettige manier geld te maak.
- Izak kon goeie geld maak.
- Izak kon ’n ambag leer/meubelmaker word.
- Izak kon wegbreek van die skewe sirkel/Armoede vryspring.
- Izak kon die Bos beskerm vir sy nageslagte.

(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) (1)

1.13 1.13.1 B / MacDonald (1)

1.13.2 D / Maska (1)

1.13.3 C / Barkley (1)

1.13.4 A / Steyn (1)

1.14
- Hy was versoenend/bereid om te vergewe.
- Hy het sy familie se belange in ag geneem.
- Hy was eerlik.
- Hy het selfvertroue gehad.
- Hy was nederig.
- Hy was trots.
- Hy was optimisties.
- Hy was verantwoordelik teenoor die natuur/wou die bos bewaar.
- Hy het inisiatief gehad.

(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde) (2)

1.15
- Saul het MacDonald se diens verlaat om te gaan goud delf.
- Saul het gelukkige tye by oom Abraham Steyn beleef.
- Saul besluit om vir Oupoot te skiet.
- Saul besluit om terug te keer na die Bos. (4)

1.16 Ja.
- Jozef het ’n goeie hart.
- Jozef het eenmaal die rieme van Saul se skouers afgehaal.
- Jozef het hom met die swaar werk van os uittrek gehelp.

(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) (1)

[35]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 2: *DIE ONGELOOFLIKE AVONTURE VAN HANNA HOEKOM* – Marita van der Vyver

2.1 2.1.1 ontevrede/kwaad/ontsteld/ontstoke/suur/gekant daarteen (1)

2.1.2 wittebrood (1)

2.1.3 TV/ elektrisiteit (1)

2.1.4 eetstaking (1)

2.2 Hy was ’n proefbuisbaba. (1)

2.3 2.3.1 Margot (1)

2.3.2 Sy het besluit om Amerika toe te gaan om aktrise te word en het hulle met Beyers gelaat. (1)

2.4
- Sy het helderkleurige klere aangetrek wat haar swanger maag beklemtoon het/Sy het hansworshoede gedra.
- Sy het verfkwaste in haar hare gedra.
- Sy het met ’n gay man getrou omdat sy ’n baba wou hê.
- Sy het ’n proefbuisbaba gehad.
- Sy het Tibo toegelaat om met poppe te speel.
- Haar kinders kon haar op haar naam noem.
- Sy wil haar kinders saamsleep op haar wittebrood.

(Enige DRIE of soortgelyk aan bogenoemde) (3)

2.5
- Sy het verfkwaste in haar hare gehad en dan het die verf soms in haar hare vasgesit.
- Sy was ’n kunstenaar/het geverf.

(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) (1)

2.6 moeilik (1)

2.7 Hanna (1)

2.8 A / van haar ongewone gesinslewe te ontvlug. (1)

2.9 Ja.
- Die kinders leer mekaar beter ken.
- Die kinders het hulle ouers beter leer ken.
- Die gesin leer om mekaar te vergewe/ te aanvaar.
- Die kinders het geleer om saam te werk.

(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde) (2)

2.10 Hy het haar aangemoedig om te skryf. (1)

Kopiereg voorbehou

2.11 Hy reël die konsert ...
- om almal besig te hou en hulle op te beur.
- om almal van die ellende van die weer te laat vergeet.

(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) (1)

2.12 In die sitkamer/In die huis op Botterberg. (1)

2.13 Sy wou eers nie deel neem aan die konsert nie en het in haarself getwyfel dat sy ’n goeie aktrise/verhoog mens is. (2)

2.14 Ja.
- Hy het nie ’n rol in Hanna se lewe gespeel nie.
- Hy het nooit haar verjaarsdae bygewoon nie.
- Hy was soos ’n vreemdeling vir sy eie dogter.

(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)

OF

Nee.
- Hy is nou by Hanna se verjaarsdag.
- Hy het haar presente gegee al was dit nie gepas nie.
- Hy verseker haar van sy liefde vir haar.

(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) (1)

2.15 Sy kon nou weer in haar haarself/haar talente glo. (1)

2.16.1 B / Beyers (1)

2.16.2 C / Tibo (1)

2.16.3 A / Hanna (1)

2.16.4 E / Sharon (1)

2.17
- Sharon se pa daag met ’n 4 x 4 op.
- Margot hou met haar wit Golf voor die huis stil.
- Gavin kruip oor die drumpel vol modder.
- Sharon se pa daag met die helikopter op. (4)

2.18 Ja.
- Hulle het dit geniet om met haar te wees.
- Amos omhels haar en is opgewonde dat sy ’n draai in die Kaap wil maak.
- Yann sê sy is welkom om by hulle te bly, want sy is nou deel van die gesin.
- Hulle verhouding, veral met Yann, het verbeter.

(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) (1)

Kopiereg voorbehou

2.19 2.19.1
- Sy het neergesien op hom/haar geskaam omdat hy gay is.
- Sy het gevoel dat hy 'n afwesige pa is.
- Sy dink hy stel nie veel in haar belang nie.

(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) (1)

2.19.2
- Sy het saam met Mana gestem dat hy weet hoe om 'n partytjie te hou en sy het hom daarvoor bewonder.
- Sy besef hy weet hoe om mense van hulle probleme te laat vergeet./mense op te beur.
- Sy het die tyd met hom geniet.
- Sy aanvaar hom soos hy is.

(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) (1)

2.20
- Hulle is ook maar net mense met hulle eie onsekerhede.
- Hulle is nie noodwendig slegte mense nie/het ook goeie eienskappe.
- 'n Uitgebreide gesin kan goed oor die weg kom.

(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) (1)

[35]

VRAAG 3: *MEEULANDERS* – Esta Steyn

3.1 3.1.1 Camilla Calvin (1)

3.1.2 verlede (1)

3.1.3 seun/kind (1)

3.1.4 Jacob (1)

3.2 3.2.1 Die Silkwood-kliniek.
Die Ornitologiese Instituut van Suid-Afrika. (2)

3.2.2
- Hy is Ryna se mentor.
- Hy is haar professor.
- Hy is haar werkgewer.
- Hy is soos 'n vaderfiguur wat haar raad gee.

(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) (1)

3.3 trauma (1)

3.4 Ryna se man en seun is albei dood.
Haar huis het afgebrand. (2)

3.5 Sy doen navorsing vir 'n boek oor kusvoëls. (1)

3.6 3.6.1 E / Hy skiet homself en sy seun. (1)

3.6.2 C / Hy hoor van al Ryna se geheime. (1)

3.6.3 B / Hy bel vir Skalla. (1)

3.6.4 A / Sy vertel vir Doreen die waarheid oor haar verlede. (1)

3.7
- Daar is nie geriewe, soos lopende water, op die eiland nie.
- Die eiland stink na guano of voëlmis.
- Daar is amper geen mense nie.
- Die eiland is geïsoleerd en ver weg van die beskawing.
- Jacob is nie baie vriendelik toe sy opdaag nie.
- Haar blyplek is nie gereed nie.

(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde) (2)

3.8
- Jacob is onbeskof en kortaf met haar.
- Elsabet is eers onvriendelik teenoor Ryna en laat haar nie welkom voel nie.
- Hulle het nie haar blyplek gereed gekry nie.

(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) (1)

3.9
- Sheila pleeg selfmoord.
- Elsabet pleeg selfmoord.
- Janka kom terug huis toe.
- Jacob word skuldig bevind aan strafbare manslag. (4)

3.10 Vincent en Ronnie/Haar man en haar seun. (2)

3.11
- Ryna wil nader aan Janka wees.
- Ryna voel dat Jacob haar nie nodig het nie. (2)

3.12 D – om haar permit by Mac te kry en na hom toe te kom. (1)

3.13 Aan die begin is Jacob chauvinisties en arrogant/kortaf teenoor Ryna.
Aan die einde besef Jacob hy is lief vir Ryna. (2)

3.14
- Van die kursiefgedeeltes is Ryna se dagboek waarin sy haar gedagtes neerskryf.
- Van die ánder kursiefgedeeltes is ander karakters se gedagtes wat weergee word.

(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) (1)

3.15 Sy is verlief op Jacob./Sy wil haar lewe met hom deel. (1)

3.16 Jacob het 7 jaar tronkstraf gekry./Jacob is tronk toe gestuur. (1)

3.17 3.17.1
- Hy is onromanties.
- Hy gee nie genoeg aandag aan Elsabet nie.
- Hy is koppig en wil nie insien dat Elsabet nie sy liefde vir Meeuland deel nie – sy is nie 'n Meeulander nie.

(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde) (2)

3.17.2
- Elsabet ontsnap van die eiland om met Fred te gaan wees.
- Elsabet pleeg selfmoord en verdrink naby Meeuland.

(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) (1)

[35]

VRAAG 4: *LIEN SE LANKSTAANSKOENE – Derick van der Walt*

4.1 4.1.1 Geld/kos/huurgeld (1)

4.1.2 Malie se tuin (1)

4.1.3 ontevrede/kwaad/ontsteld (1)

4.1.4 haarsalon (1)

4.2 Wouter (1)

4.3
- Miemie kom agter dat Lien nie vriende het nie.
- Sy wou graag haar verjaarsdag saam met Lien vier.
- Sy is beïndruk omdat Lien nie nonsens/ “stront” van die skool vat nie.

(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) (1)

4.4 4.4.1 ’n Vergelyking (1)

4.4.2
- Haar ma is onverantwoordelik met haar geld.
- Sy koop meestal wyn met haar geld.
- Haar ma koop selde kos in hulle huis.
- Haar ma kook selde kos.
- Haar ma verbrand die kos.

(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) (1)

4.5 4.5.1 bejammer (1)

4.5.2
- Beide ma’s maak nie kos vir hul gesinne nie.
- Miemie se ma is verslaaf aan TV en Lien se ma is verslaaf aan wyn/drank.
- Miemie se ma werk nie en Lien se ma verloor haar werk by Binnelandse Sake.
- Miemie se ma het ’n Wiskundegraad en Lien se ma het ’n Musiekgraad.
- Beide ma’s/pa’s is onbetrokke in hul kinders se lewens/afwesige ouers.

(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde) (2)

4.6
- Hulle pa was betrokke by bedrog en het al sy geld/besittings verloor.
- Hulle pa moes tronk toe en kon nie meer vir sy gesin sorg nie.

(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) (1)

Kopiereg voorbehou

4.7 4.7.1
- Om nie mense te oordeel nie.
- Om nie bevooroordeeld te wees nie.
- Om nie mense te onderskat nie.

(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) (1)

4.7.2 Sally- Lien dink sy is terterig tog is sy die een wat empatie toon nadat Lien se ma dronk by die skool opdaag.

OF

Miemie – Sy is die vaal een, maar maak Lien baie lag en help haar om minder eensaam te laat voel.

OF

Hein – Lien kan nie ’n besluit oor hom neem nie. Later ontdek sy dat hy sensitief is/ goed met sy hande kan werk/ mondfluitjie kan speel/ sy gaan na die matriekafskeid met hom/hy word later haar kêrel.
(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) (1)

4.8 4.8.1 D / Hierdie persoon leer Lien dat jy nie veel op familie kan staatmaak nie. (1)

4.8.2 C / Hierdie persoon leer Lien om onselfsugtig op te tree. (1)

4.8.3 B / Hierdie persoon word vir Lien ’n vertroueling. (1)

4.8.4 A / Hierdie persoon beskerm Lien se bedelplek. (1)

4.9 Sue-Ellen (1)

4.10
- Lien het gevoel sy doen niks om die mense se geld te verdien nie.
- Lien moes vir haar gesin, vriende en skool jok oor hoekom sy skool gemis het op sekere weeksdae.
- Gordon/Sproet het aangeneem dat sy ’n prostituut was en nie ’n bedelaar nie.

(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde) (2)

4.11 Sy het aan die begin minderwaardig/ongelukkig/ontevrede gevoel. (1)

4.12 4.12.1 baie kwaad (1)

4.12.2
- Lien voel dat dit haar lewe is en dat Gerhard nie die reg het om iets daaroor te sê nie.
- Dominee Gerhard weier om te ry en wag vir Lien om by sy kar in te klim.
- Lien dink dat dominee Gerhard vir haar gaan preek en nie verstaan nie.

(Enige een of soortgelyk aan bogenoemde) (1)

Kopiereg voorbehou

4.13
- Christien: ontvlug deur middel van wyn en klassieke musiek.
- Braam: ontvlug deur middel van krieket, Deon en die gesinsvideo's.
- Lien: ontvlug deur middel van Norah Jones en die rol van Weird Maria.

(Enige een of soortgelyk aan bogenoemde) (1)

4.14 C – baie onaangenaam en uitdagend was. (1)

4.15 4.15.1 Tannie Bets is soos 'n ouma-/moederlike-figuur in Lien se lewe. (1)

4.15.2
- Tannie Bets het die werk by die koffiewinkel vir Lien gereël.
- Tannie Bets het voorgestel dat Lien met Dirkie moet praat oor 'n werk by die haarsalon.
- Tannie Bets sou elke nou en dan kos vir hulle bring/ sy het maaltye vir hulle gereël toe Christien in die kliniek was.
- Tannie Bets neem Lien om vir haar ma te gaan kuier by die kliniek.
- Tannie Bets is altyd daar tydens die moeilike tye, soos toe haar ma uitgevang is waar sy die wyn by die winkel gesteel het.
- Tannie Bets was en stryk hulle klere.
- Versorg hulle terwyl hulle ma in die kliniek is.
- Tannie Bets hou vir Lien 'n verjaarsdagete by haar huis.

(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde) (2)

4.16
- Lien waardeer die haarsalon se werksomstandighede veel meer nadat sy bedelary ervaar het.
- Lien wil geld kan spaar vir haar vliegtuigkaartjie.
- Lien doen meer moeite om met die kliënte te gesels.
- Lien probeer haar bes om goeie afsprake vir die tienermeisies te kry.
- Lien voel nou meer op haar gemak/gelukkig by die salon.

(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) (1)

4.17
- Die eerste keer het Donovan meer van Sue-Ellen se manier van dinge doen gehou, maar nou is hy baie dankbaar dat Lien terug is.
- Aan die begin het Donovan haar "engel" genoem, nou weet hy dat sy nie daarvan hou nie.
- Voorheen het Donovan neergekyk op Lien, maar nou behandel hy haar soos 'n waardevolle lid van sy werkspan.

(Albei kante van die saak moet genoem word vir die 2 punte)
(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) (2)

4.18 JA.
- Dit is as gevolg van hom dat hulle hul huis en honde verloor het.
- Dit is as gevolg van hom dat hulle finansieel sukkel.
- Dit is as gevolg van hom dat Christien nie meer 'n musiekonderwyser is nie en baie drink.

OF

NEE.
- Lien is 'n volwassene en niemand het haar forseer om te bedel nie.
- Lien het gekies om te begin bedel, want sy wou geld spaar om weg te gaan.

(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) (1)

Kopiereg voorbehou

4.19 4.19.1
- Braam het nie finansieel bygedra nie.
- Braam het nie die geld wat hy van die borgskap gekry het met Lien gedeel nie/vir die huis kos gekoop nie.
- Braam het nie huistake gedoen nie.

(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) (1)

4.19.2
- Braam kon van sy R450 kommissie gebruik het om kos te koop.
- Lien gebruik haar eie geld om kos vir hulle te koop.
- Braam kon beurte gemaak het met Lien om kos te maak en die skottelgoed te was.
- Lien maak altyd kos en was die skottelgoed.

(Enige een of soortgelyk aan bogenoemde) (1)

[35]

TOTAAL AFDELING A: 35

AFDELING B: DRAMA

VRAAG 5: *POPPIE – DIE DRAMA* – Elsa Joubert en Sandra Kotzé

5.1 5.1.1 15-jaar/vyftien jaar (1)

5.1.2 oud (1)

5.1.3 Cleaner/skoonmaker (1)

5.1.4 Herschel (1)

5.2 By sy broer (1)

5.3 5.3.1 soms spyt (1)

5.3.2
- Sy wou privaatheid hê terwyl sy haar liefdesbriefies lees/skryf.
- Sy was skaam om haar liefdesbriefie voor hom te lees/skryf.

(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) (1)

5.4 5.4.1 Dit was deel van die Xhosa-tradisie. (1)

5.4.2
- Klere
- Ketels
- Kombuisgoed
- Komberse
- Lakens

(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde) (2)

5.4.3 Poppie se ma/Ma Lena (1)

5.5 Volgens Poppie ...
- was hy 'n netjiese man.
- het hy 'n mooi lyf gehad.
- het hy mooi aangetrek.
- was hy 'n stil mannetjie.

(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) (1)

5.6 5.6.1
- Hulle mans moes trekarbeiders word.
- Hulle was arm.
- Hulle kon nie maklik werk kry in die res van die land nie.

(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde) (2)

5.6.2 Hule het haar dogters/kinders ingeneem. (1)

5.7 B / maagkwale gehad het. (1)

5.8. Al sy geld vir sy gesin gegee het. (1)

5.9 Verliefdheid (1)

5.10
- Sy kon ’n huis kry.
- Haar kinders kon skoolgaan.
- Sy hoef nie meer bang te wees dat die polisie haar gaan toesluit omdat sy nie ’n pas het nie.

(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde) (2)

5.11 Twee jaar (1)

5.12 5.12.1 Ja.
- Hy het ’n meisie op skool verwagtend gemaak. (1)

5.12.2 Hulle het damage-geld/skadevergoedingsgeld van R40 betaal. (1)

5.13 “bitterheid” (1)

5.14 In die Kaap ...
- het sy gesukkel om ’n pas/werkpermit/huis te kry.
- moes sy sonder haar kinders gaan wanneer sy inslaapwerk gedoen het.

(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)

OF

In Mdantsane ...
- het sy eensaam gevoel.
- moes sy sonder Stone leef.
- was sy die heeltyd bekommerd oor Bonsile.

(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) (1)

5.15
- Hy sou nie twee jaar sonder sy gesin moes leef nie.
- Sou moontlik nie so siek geraak het nie.

(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) (1)

5.16 5.16.1 B / Hierdie persoon moes as trekarbeider werk. (1)

5.16.2 A / Hierdie persoon word gedurig verneder omdat hy slegte gewoontes het (1)

5.16.3 D / Hierdie persoon het onder ’n tafeldoek weggekruip omdat sy nie ’n pas gehad het nie. (1)

5.16.4 E / Hierdie persoon moes wegkruip omdat sy nie ’n extension gehad het nie. (1)

Kopiereg voorbehou

5.17
- Poppie het Stone leer ken.
- Poppie het die Xhosa-tradisies leer ken.
- Stone het tata-ka-Bonsile geword.
- Stone het ’n tweeslaapkamerhuis in Jakkalsvlei gebou. (4)

5.18
- Ouers stel altyd hulle kinders eerste.
- Ouers is bereid om opofferings vir hulle kinders te maak.
- Ouers stel die veiligheid/opvoeding van hulle kinders eerste.

(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) (1)

[35]

VRAAG 6: *PALJAS* – Chris Barnard

6.1 6.1.1 Toorwater (1)

6.1.2 stasiemeester/stasiebestuurder (1)

6.1.3 trein(e) (1)

6.1.4 eensaam/alleenig/liefdeloos/afgeskeep/afgesonderd (1)

6.2
- Katrien kan nie slaap nie/ly aan slapeloosheid.
- Katrien sal dikwels by ’n venster uitstaar asof sy van alles wil wegkom.
- Katrien het lanklaas/lank gelede hulle gunsteling liedjies gespeel.
- Katrien speel nie meer die klavier nie.
- Katrien slaap nie langs Hendrik nie./ Hendrik slaap op sy eie bed.
- Sy gebruik Willem as ’n verskoning om nie saam met Hendrik te slaap nie.
- Katrien lê met haar rug gedraai na Hendrik.
- Willem slaap in dieselfde kamer as sy ouers.

(Enige DRIE of soortgelyk aan bogenoemde) (3)

6.3
- Hy help Willem om weer te praat (wat soos ’n Bybelse wonderwerk gebeur).
- Manuel bevry die McDonald-gesin van hulle kommunikasie probleme.
- Hy kom en verlos hulle van hul probleme.
- Manuel kry dit reg dat Emma klavier speel.

(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) (1)

6.4 eensaamheid (1)

6.5 6.5.1 E / Jag vir Manuel met gewere. (1)

6.5.2 C / Stoei met Hendrik oor ’n geweer. (1)

6.5.3 B / Gooi die McDonalds met tamaties en eiers. (1)

6.5.4 D / Baklei met die mense op die dorp oor skinderstories oor die McDonalds. (1)

6.6 D – is klaar getroud met Hendrik McDonald. (1)

6.7
- Sy seun raak stom/wil nie praat nie.
- Sy dogter wil nie ’n kêrel hê nie/wil nie trou nie.
- Sy vrou wil nie meer ’n bed met hom deel nie.
- Die mense van die dorp respekteer hom nie.
- Daar is nie sinvolle kommunikasie tussen gesinslede nie.

(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) (1)

6.8
- Emma kom agter hoe hy altyd alleen met haar ma in die kombuis praat.
- Emma besef dat hy verlief is op haar ma/by haar ma aanlê.
- Emma kan sien dat Frans se besoeke haar pa ontstel.

(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) (1)

6.9 JA.
- Emma is bekommerd dat Katrien vir Hendrik sal los.
- Sy is bekommerd haar ma sal egbreuk pleeg.
- Sy wil nie hê haar ouers se huwelik moet verder verbrokkel nie.

(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)

OF

NEE.
- Emma is ’n kind in haar ouers se huis en moet haar ma respekteer.
- Dit het niks met Emma uit te waai nie.
- Emma ken nie haar plek nie.
- Emma behoort meer vertroue in haar ouers se huwelik te hê.

(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) (1)

6.10
- Manuel kleur Willem se gesig in met ’n grimeerpotlood.
- Manuel leen Willem se fiets om op die Sondag kerk toe te gaan.
- Willem hardloop langs die trein en waai vir Manuel.
- Willem speel Manuel se konsertina terwyl hy bo-op die windpomp sit. (4)

6.11 6.11.1 Die McDonalds se huis/eetkamer/Willem se slaapkamer. (1)

6.11.2
- Hy probeer sê dat mense hulle moet aanvaar vir wie hulle is.
- Niemand is perfek nie en elke persoon het hul foute of skete.

(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) (1)

6.11.3
- Hy beskuldig hulle van duiwelsaanbidding/satanisme.
- Hy insinueer dat Willem stom is as gevolg van hul duiwelsaanbidding.
- Hy beskuldig hulle daarvan dat hulle nie regtig eredienste bywoon nie.
- Hy sê dat hul huis vol haat, nydigheid en opgekropte woede is.

(Enige DRIE of soortgelyk aan bogenoemde) (3)

6.11.4
- Die dominee gee hom nie ’n kans om te praat nie.
- Hendrik sê die dominee daarvan hou om mense te verdoem.
- Hy sê die dominee kom kuier net wanneer hy geld vir die kerk soek.

(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde) (2)

Kopiereg voorbehou

6.12
- Willem probeer om Manuel se aandag te trek.
- Hy probeer om Manuel te laat lag.
- Hy probeer om Manuel te vermaak.
- Hy probeer om Manuel beter te laat voel.

(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) (1)

6.13
- Manuel het baie ernstige beserings opgedoen.
- Manuel is in baie pyn.
- Manuel is depressief.
- Manuel het sy lus vir die lewe verloor.

(Enige een of soortgelyk aan bogenoemde) (1)

6.14
- Willem het weer begin praat en hy het uit sy dop gekruip.
- Emma het weer begin klavier speel.
- Emma het vir Nollie begin raaksien en ophou weghardloop.
- Katrien sê vir Frans hy moet ophou om goed aan te dra.
- Katrien hou op om Frans te vra om dinge vir haar op die dorp te koop.
- Katrien neem ’n tree terug wanneer Frans haar probeer vashou/druk.
- Hendrik en Katrien se huwelik verbeter (en daar is weer romanse tussen hulle.)
- Hendrik luister wanneer Emma en Katrien met hom praat ná die petalje by die volstruisdans.
- Die familie praat oor belangrike sake/hulle kommunikeer sinvol.

(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde) (2)

6.15 C – leer om weer vrolik te wees. (1)

6.16 6.16.1 Dit is beter om te lag as om te huil. (1)

6.16.2
- Willem herinner vir Manuel: “Jy’t gesê lag is beter as huil”, wanneer hy aan die einde emosioneel raak.
- Willem teken “’n gesig wat nie huil nie” vir Manuel voordat hy met die trein weggaan.
- Willem is gelukkig aan die einde van die drama.

(Enige een of soortgelyk aan bogenoemde) (1)

[35]

VRAAG 7: FIELA SE KIND – DIE DRAMA – Dalene Matthee

7.1 7.1.1 balkemaker/houtkapper (1)

7.1.2 sinkplate (1)

7.1.3 siek/ aan die hoes/nat neus/aan die snuif (1)

7.1.4 skoene (1)

7.2 7.2.1 Nee.
Die olifante het hom gejaag/amper vertrap. (1)

7.2.2 Hy het nie liksens gehad nie.
Hy het nie ’n geweer en koeëls gehad nie. (2)

7.3
- Benjamin sou sy vyf sjieling wat Fiela aan hom gegee het vir Nina gee om hom die pad uit die bos te wys.
- Nina het later ’n werk gehad.

(Enige soortgelyke antwoord aan bogenoemde) (1)

7.4 Benjamin/Lukas/haar broer. (1)

7.5 Ja.
- Hy het haar hard laat werk.
- Hy het haar geslaan/mishandel.
- Hy het haar hare met ’n mes afgesny.
- Hy het haar aan die skoolmeester verhuur.

(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde) (2)

7.6
- Sy het geweier om haar geld aan haar pa te gee.
- Sy het haar geheime botteltjies begrawe.
- Sy het by Miss Weatherbury as haar “companion” of metgesellin gaan werk.

(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde) (2)

7.7 Ja.
Hy het net probeer geld maak vir sy gesin.
(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)

OF

Nee.
Hy was lui.
Hy wou op onwettige maniere geld maak.
(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) (1)

7.8
- Hy sou nie balke kon maak/ sy werk kon doen nie en gevolglik sou hy nie geld/inkomste hê nie.
- Hy het nie geld om nuwe gereedskap te koop nie.

(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) (1)

7.9 patat (1)

7.10 Elias sou ’n paar ekstra hande bykry om hom met die balke te help en so meer balke kon verkoop. (1)

7.11 nuuskierigheid (1)

7.12.1 Dit is ’n gestrande skip/ ’n skip met geen bemanning/seemanne/matrose nie. (1)

7.12.2 Sodat niemand die skip kon plunder/goed steel van die skip af nie. (1)

7.13 Hy het altyd op die vangdam met bootjies gespeel. (1)

7.14 D / die min liefde in die Bos. (1)

7.15
- Lukas hoor van Dawid se dood.
- Lukas neem vir Fiela-hulle vis.
- Lukas vind uit dat Tollie dronk lê op Avontuur.
- Lukas neem vir Barta-hulle skaapvleis. (4)

7.16 Ja.
- Hy was ongelukkig in die Bos./Hy wou bly by die familie wat hy geken het.
- Hy het altyd gevoel dat hy nie daar hoort nie/buitestaander is.
- Elias het hom hard laat werk.
- Elias het hom geslaan/mishandel.

(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)

OF

Nee.
- Hulle het by hulle grootgeraak.
- Hy het nou vir Nina ontmoet, vir wie hy lief was.

(*Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde*) (1)

7.17 7.17.1
- Die dame by wie Nina gewerk het./Die Engelse dame in die dorp.
- Die dame wat haar oor Nina ontferm het.
- Die dame wat vir Nina maniere geleer het (om ’n dame te wees.)

(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) (1)

7.17.2
- Sy het Nina nie mishandel nie/haar goed behandel.
- Sy het seker gemaak dat Nina haar geld geniet.

(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) (1)

Kopiereg voorbehou

7.18 7.18.1
- Sy pa het hom gestuur om Nina te gaan soek.
- Sy pa het hom gestuur om Nina se geld te gaan haal.

(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) (1)

7.18.2 Hy wou Nina ...
- van sy identiteit vertel.
- vertel dat hy nie haar broer is nie.
- laat weet dat hy besluit het om 'n Komoetie te wees.
- vertel dat hy verlief is op haar.

(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) (1)

7.19 7.19.1 D / Die magistraat (1)

7.19.2 C / Nina (1)

7.19.3 B / Dikke (1)

7.19.4 A / Fiela (1)
[35]

TOTAAL AFDELING B: 35

VRAAG 8

8.1 **"KRINGLOOP"**

8.1.1 (a) avontuur (1)

(b) kerntoetse (1)

(c) aarde/mensdom/die planeet aarde/die natuur (1)

(d) visie (1)

8.1.2 kernfisika (1)

8.1.3
- 'n Verdrag is deur alle lande onderteken wat 'n verbod op alle kernontploffings geplaas het.
- Geen land sou weer sulke dinge doen nie (nie eers die Reënboogrepubliek of Irak nie.)

(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) (1)

8.1.4 C/ lae swaartekrag het (1)

8.1.5 (a) Om te vernietig (1)

(b)
- Mars val die aarde aan omdat hulle dink Gideon se kerntoetse is 'n aanval op hulle planeet.
- Mars se aanval vernietig die aarde.

(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) (1)

8.1.6 (a) **Figuurlik**-Mars het deur moeilike tye gegaan.

OF

Letterlik- Die son het ophou skyn.
(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) (1)

(b)
- Hulle moes ondergronds gaan woon.
- Moes nuwe metodes ontwikkel vir boerdery.
- Water en energie is teen hoë koste ontwikkel.

(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde) (2)

(c) Ja.
Almal was gefokus op hulle oorlewing.
(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)

OF

Nee.
Hulle kon die kos onder mekaar verdeel het.
(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) (1)

8.1.7 Wurms en fungi. (2)

8.1.8 Die stortreën het nie nuwe lewe gebring nie, maar verwoesting. (2)

EN

8.2 **"Geluk in ongeluk"**

8.2.1
- Dit is moeilik vir hom om van haar te vergeet.
- Hy onthou elke gelukkige oomblik saam met haar.
- Hy het haar vir vyf jaar aan die lewe gehou.
- Hy vind dit moeilik om haar lewensmasjiene af te skakel.

(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) (1)

8.2.2 (a) emosioneel (1)

(b) Sy is in 'n koma. (1)

8.2.3 (a) Ja. Die vrou was die rede waarom Karla in 'n koma was.

OF

Nee.
- Karla is in 'n koma, hy kan aangaan met sy lewe.
- Dit was 'n ongeluk, sy het nie opsetlik vir Karla beseer nie.

(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) (1)

(b) Hulle weet die vrou was verantwoordelik vir hulle suster se ongeluk/ Gavin se pyn na die ongeluk, maar die vrou maak Gavin nou gelukkig en hy verdien ook geluk.

(Noem ALBEI kante in die antwoord) (2)

8.2.4
- Dit was vir hom moeilik om haar masjiene af te skakel omdat hy nog lief was vir haar.
- Hy het nie meer geld om haar aan die lewe te hou nie.
- Hy voel skuldig omdat hy aanbeweeg het met sy lewe.

(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde) (2)

8.2.5 Ja.
- Sy wou vir Gavin gelukkig maak.
- Sy was lief vir hom.
- Sy herinner hom aan Karla.

(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)

OF

Nee.
- Hy moes haar eers vergewe vir die ongeluk.
- Hy wou nie sy vrou laat gaan nie.
- Hy het sy vrou se masjiene vir 5 (vyf) jaar aangehou.

(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde) (2)

Kopiereg voorbehou

8.2.6 (a) A / Kontras (1)

(b) C / Metafoor (1)

(c) E / Vergelyking (1)

(d) D / Personifikasie (1)

8.2.7
- Gavin neem Karla op ’n wittebrood.
- Gavin kry hoendervleis toe Karla vir hom glimlag.
- Gavin laat toe dat die ander vrou hom vashou en troos.
- Gavin stap in die kamer met ’n glas lemoensap en ’n brief in ’n bruin koevert. (4)

[35]

TOTAAL AFDELING C: 35

AFDELIND D

9.1 "DIE HEKS VAN HEXRIVIER"

9.1.1 (a) betower

(b) Drakenstein

(c) heide

(d) hart (4)

9.1.2 (a) haar pragtige oë die jonkmans betower het. (1)

(b) wou gee (1)

9.1.3 "Toe die Hexrivier se heide teen die **b**erghange **b**lom"

OF

"Toe die **H**exrivier se **h**eide teen die berghange blom"
(Enige EEN) (1)

9.1.4 (a) Hoogmoedigheid en ydelheid. (2)

(b) Dit is as gevolg van haar hoogmoedigheid en ydelheid dat die jongman dood is. (1)

9.1.5 D/ epies-liriese volksballade (1)

9.1.6 (a) Personifikasie (1)

(b) 'n Hartseer/somber/droefgeestige/teneergedrukte atmosfeer. (1)

9.1.7 In reël 3 word Elize deur vele jonkmans omring/bewonder, maar in reël 14 is sy 'n eensame, kranksinnige vrou. (2)

9.1.8 Elize staan bo die afgrond en sy huil en roep die dooie jongman se naam. (2)

9.1.9
- Die kleur van die disa is rooi.
- Rooi word altyd met die liefde geassosieer.
- Rooi kan ook na die bloed van die dooie jongman verwys.

(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) (1)

EN

9.2 "DIE HARDLOPER"

9.2.1 (a) 5/vyf (1)

(b) 4/vier (1)

(c) 'n Kwatryn (1)

Kopiereg voorbehou

9.2.2 (a) D – assonansie

(b) E – wending/keerpunt

(c) B – oksimoron

(d) A – alliterasie (4)

9.2.3 'n Atletiekbaan/hardloopbaan (1)

9.2.4
- Hy is vol selfvertroue.
- Hy voel positief.
- Hy voel sterk.
- Hy voel asof hy 'n goeie kans het om te wen.

(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) (1)

9.2.5 "woeste" (reël 2) (1)

9.2.6 inversie (1)

9.2.7 'n Mens se spanmaat is gewoonlik iemand met wie jy goed vertroud is; dus is dit eienaardig dat die hardloper sy spanmaat as "vreemd" beskryf asof hy hom nie ken nie. (2)

9.2.8 angstig (1)

9.2.9
- Net soos die hardloper in die gedig; is ons almal besig om aan die wedren van die lewe deel te neem.
- Ons hardloop elke dag as deel van die wedloop van die menslike bestaan.

(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) (1)

9.2.10
- Ouderdom
- Afbreking van die liggaam en die dood.
- Beserings
- Die dood

(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde) (2)

[35]

TOTAAL AFDELING D: 35
GROOTTOTAAL: 70

Kopiereg voorbehou